

Pretoria- 21 Augustus 2011

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-11

Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 1 paragraaf 13**

Teks: 2 Petrus 1:10

Sing- Ps. 33:1; Ps. 119:7,37; Ps. 119:43

Verlede keer uit paragraaf 12 van die Dordtse Leerreëls , broeder en suster, was die vraag hoe kan ek weet ek is uitverkies. Of anders gestel- Wat gee jou daardie sekerheid om te weet ek is 'n uitverkore kind van God. Ons het gesê dat dit nie altyd maklik is nie. Ons belydenis het dit ook gestel dat God gee nie vir almal in ewe groot mate hierdie sekerheid nie. Dit gebeur in verskillende trappe, staan in paragraaf 12. Tog is dit so belangrik en so bevrydend wanneer mens wel hierdie sekerheid van die Here ontvang. Die Here wil ons nie in onsekerheid laat nie. Hy wat ons geroep het tot sy wonderbare lig is daarby ingesluit dat die Here ons nie in die duister wil laat nie.

Die vrug van die uitverkiesing is reeds ons deel wanneer ons kan bely soos aan die einde van paragraaf 12 dat **ek in Jesus Christus glo, daar in my 'n kinderlike vrees vir God is, ek droefheid oor die sonde ervaar en ek werklik in hongers en dors na die geregtigheid van God** verlang.

Nou is paragraaf 13 eintlik 'n stap verder as net die vrug van die uitverkiesing. Soos wat mens deur God die verskillende trappe van sekerheid ontvang, so werk hierdie sekerheid al dieper en dieper 'n mens se lewe deur. Die volle waarde van om seker te wees dat ek kind van God is sal in jou inwerk. Dit sal maak dat jy sekere dinge doen wat jy andersyds nie sou gedoen het nie.

Ons belydenis noem dan ook die gevolge van ons sekerheid. So iemand sal hom/haar elke dag al hoe meer voor God verootmoedig. Die uitverkore kind van God aanbid God in sy diepe barmhartigheid. Ons belydenis noem dit om **God in sy diepe barmhartigheid te eerbiedig**. Om seker te wees is die gevolg dat jy jou van jou sonde wil reinig. Hierdie sekerheid laat mens in sy geloof eintlik harder en harder werk, en is dit nie soos die Remonstrante dit stel dat 'n mens wat van sy saligheid verseker is eintlik agteroor sal gaan sit en niks meer omgee wat God van my vra nie, want ek is mos uitverkies. God

Pretoria- 21 Augustus 2011

waarsku ons altyd teen 'n valse gerustheid. Moet nie op grond van die Dordtse Leerreëls wil kom en sê ek is 'n uitverkore kind van God, daarom sal ek niks oorkom nie. Pasop!

So is daar in Jer.7:3-7 die duidelike waarskuwing- *So sê die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Maak julle weë en julle handeling goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handeling waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.* Baie duidelik waarsku Jeremia sy volk teen hulleself- daardie gerustheid, daardie sekerheid waarmee mense hulleself aan die slaap kan sus is inderdaad gevaarlik.

Dit is hoekom ons in 2 Petrus die opdrag ontvang het om jou roeping en verkiesing vas te maak. Dit bewaar vir u en my van die gevaar om ewe gemaklik te dink ek is 'n uitverkore kind van God en tog is ek onwetend oppad hel toe en ek het nie geweet nie. Vertrou daarom nooit ligvaardig op jou roeping en verkiesing nie, asof jy ongeag hoe jy leef nooit verlore sou kan gaan nie. Uitverkiesing en 'n heilige lewe het alles met mekaar te make. God het mos uitverkies "*om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.*" staan in Efesiërs 1:4. Ef. 2:10 stel dit ook- dat ons die maaksel van God is- ... sy maaksel, *geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.*

Daarom by paragraaf 13 moet ek weet die gevolge van die uitverkiesing is jy sal vir God vrug dra. Dink maar ook aan Sondag 24 van die Heidelbergse Kategismus. Die Sondag is met dieselfde oortuiging besig dat ons wat in Christus geplant is, m.a.w. ons wat in Christus uitverkies is sal goeie werke wil doen. Die gevolge van om in Christus jou sekerheid te kon kry is om nou in Christus te wil werk, terwyl ek in alle geval weet my goeie werke kan niks tot my geregtigheid en my uitverkiesing bydra nie, maar goeie werke word wel deur God beloon. V/A 63- **Verdien ons goeie werke dan niks nie,**

Pretoria- 21 Augustus 2011

terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon? Ons antwoord:

Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee. Daarmee saam V/A 64- wat oor presies dieselfde waarskuwing gaan as paragraaf 13 van die Dordtse Leerreëls . **Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?**

Ons antwoord: *Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.*

Ons word deur hierdie wonderlike leer oor die uitverkiesing eintlik verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid. En 'n nuwe gehoorsaam en goeie werke staan altyd saam, want my roeping en my verkiesing gaan ook altyd hand aan hand. Die gevolge van die uitverkiesing is eintlik 'n gevolg van jou en my sekerheid daarom sal die geroepenes van die Here nooit net passief daar eenkant gaan sit en niks verder wil doen nie.

Inteendeel- 2 Petr 1:10 roep ons nou egter op *om ons roeping en verkiesing vas te maak.* Is dit nie vreemd nie? Ons roeping en verkiesing lê mos vas by God. Inderdaad: By God hoef niks vasgemaak te word nie. By die Here is alles vas en seker. Dit moet egter nou ook **by ons** die geval word. Ons kan nie sommerso sê dat ons roeping en uitverkiesing seker is nie. Laat ons nie 'n fout maak nie. As die vrugte van die verkiesing in my lewe ontbreek, dan bring ek die verkiesing in gevaar, ja dan kan dit eens blyk dat ek nie tot die saligheid uitverkies is nie.

Daarom word ons opgeroep om ons roeping en verkiesing vas te maak. Die Here het met sy evangelie in ons lewe ingekom, met die ernstige roeping. Nou is dit ons verantwoordelikheid om gelowig daaruit te gaan lewe. In die verbond word 'n beroep op ons gedoen, op ons wil en verantwoordelikheid. God roep ons op tot geloofsaktiwiteit. En in verband met ons roeping en verkiesing beteken dit: om ons roeping en verkiesing vas maak. Ons moet die verkiesing blywende geldigheid in ons lewe gee. Deur as uitverkorenes te lewe.

Die teenoorgestelde van om iets nie vas te maak nie, is tog om dit los te maak. 'n Mens wat met sy saligheid peuter is wanneer iemand eintlik besig is om sy roeping los te maak. So iemand maak hom/haar los van die Here en sy diens. Wanneer mense hulle van die

Pretoria- 21 Augustus 2011

kerk losmaak, dit word terselfdertyd 'n los rafeling van die verbond. Van alles wat die Here so een in die verbond gegee het, daarvan wil hierdie mens wat met 'n losmaak van sy verkiesing besig is, volhard. So een maak hom/haar dan eintlik los van die doop en die ryke beloftes van die Here. Daarom dat ons in 2 Petrus 1 nie net lees van ek moet *my roeping en verkiesing vasmaak nie...* maar iemand wat besig is om dit los te maak, staan daar in v.9- *hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet.* Die losmaak van hierdie belydenis maak 'n mens op die einde 'n kortsigtige mens, 'n blinde mens. Sulke mens wil die Here nie werklik in hulle lewe raaksien nie. Die ewige saligheid wat God aan ons beloof het, hulle wil daarvan nie hoor nie, hulle wil dit nie sien nie. Hulle leef baie keer net vir die hier en die nou! Om te praat van 'n ewige lewe en 'n lewe ná hierdie lewe bestaan nie vir hulle nie.

Daarom geliefdes, dit is nie verkeerd om die waarde van jou sekerheid vanuit hierdie deel van die Dordtse Leerreëls in besonder te waardeer nie. Mense is so geneig om iemand wat sy sekerheid stel as 'n Fariseër te etiketteer. Dit mag nie! Die Remonstrante het ook wou stel dat twyfel oor jou saligheid dan eintlik goed is, want só word die mens tot goeie werke geprikkel, maar dit is nie waar nie. Hoe aanloklik klink dit in hierdie twyfelende eeu as mense dan oor hulle saligheid ook allerhande twyfels begin uitspreek en self in hulle twyfel roem. So gevaarlik soos 'n valse gerustheid mag wees, so gevaarlik is dit om nie waarlik die sekerheid in wat God ons reeds geskenk het baie sterk uit te spreek in wat ons belydenis is nie. Hoe sterk stel Paulus ook sy versekerdheid in Rom 8:39- *Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

Om te mag sê ek is versekerd is om waarlik van God se liefde seker te wees. Daar kan geen twyfel wees dat God sy eie Seun liefhet nie en so seker soos wat God sy Seun liefhet, so seker het God ons lief, ons sy kinders wat in Christus aangeneem is, of anders gestel in Christus ingelyf is, of dan as u wil in Christus uitverkies is! Dit is 'n lewende liefde wat in ons lewe van God kom. Om te glo is eintlik om seker te wees, om versekerd te weet. Genadiglik is hierdie sekerheid nie van ons emosies of ervarings of gevoelens afhanklik nie. In 2 Korintiërs 13:5-6 dan stel die Here dit deur Paulus baie duidelik -

Pretoria- 21 Augustus 2011

Ondersoek juisself of julle in die geloof is; stel juisself op die proef. Of is julle nie seker van juisself dat Jesus Christus in julle is nie—as julle ten minste nie verwerplik is nie! Maar ek hoop dat julle sal insien dat ons nie verwerplik is nie.

Wanneer geloof in werking gestel word dan bring die geloof daardie sekerheid wat Paulus ook hiervan praat. Dit moet eintlik vir 'n mens so 'n ryke troos wees en aansporing om vanuit die sekerheid van my verkiesing net nog harder vir Here te werk. Dit bring eintlik net nog dieper nederigheid. Hoe nederig moet mens op die einde word in die besef ek kon niks tot my verkiesing bydra nie, nog minder is dit 'n prestasie van mense kant as God ons hierdie sekerheid in ons verkiesing skenk. Jakob wat so baie dinge in sy lewe verkeerd gedoen het, dié man wat reeds met die ingaan in die aardse lewe sy broer wat nie verkies is nie, aan die hakskeen hou, sy broer belieg, sy ouers, sy skoonpa, dit hou nie op, wat in sy lewe nie reg was nie... As sy verkiesing en sekerheid van homself moes afhang dan sou daar niks kon oorbly nie. Daar is niks waarop Jakob kon roem wat van homself afgehang het nie. Hy moes eintlik al hoe kleiner en kleiner gevoel het.

Dit is hoe die uitverkorenes moet voel, kleiner en kleiner, al hoe meer moet ons maar net in die Here roem, in Christus Jesus, Hy wat ons geregtigheid is. Alles hang van Hom af! Daarom dat ons seker mag wees dat die uitverkiesing onveranderlik is, dat dit vas is. Soos die Dordtse Leerreëls dit dan stel dat mens uit jou verkiesing nog meer rede het om jouself te reinig, jou al dieper voor God te verootmoedig, die Here se barmhartighede te eerbiedig, ja om die Here van jou kant af vurig lief te hê, omdat Hy ons eerste so liefgehad het. Beter as die Dordtse Leerreëls kan ons dit nie stel nie.

Watter troos om te mag weet dat ek God se liefde nie moet probeer wen nie, maar dat die uitverkorene dit reeds ontvang het. Daarom sal so 'n mens met hierdie wete en met hierdie sekerheid nie onverskillig staan met ek kan maar doen wat ek wil, ek kan niks oorkom nie. So 'n mens wat sê ek is mos uitverkies, ek moet niks vasmaak nie- Ek kan nou rustig lewe soos ek lus is.

Pretoria- 21 Augustus 2011

Jesus het gesê dat 'n boom aan sy vrugte geken word. Indien jou hart as gevolg van God se uitverkiesing vernuwe is, dan sal jy goeie vrugte voortbring. Die liefde van Hom wat jou eers so uitnemend liefgehad het, beweeg jou tot wederliefde. As ek seker van my verkiesing is, dan sal ek dit waardeer en as 'n skat bewaar en koester. Dit uitleef. Ek sal my dan des te meer beywer om my dank vir God te wys in 'n lewe tot sy eer.

Jesus Christus, in wie ek uitverkore is, beweeg my tot 'n godvresende lewe deur die krag van sy Gees. Daarom is dit volgens ons belydenis ook onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie. Die sekerheid van die verkiesing en die vrugte van geloof en bekering hoort by mekaar in die lewe van hulle wat God tot die ewige lewe uitverkies het.

Daar is egter altyd mense wat hierdie leer misbruik. Daar is mense wat redeneer: as ek uitverkies is, dan kom ek tog wel daar, en as ek nie uitverkies is nie, dan kom ek nooit daar nie. Dus moet ek maar passief bly afwag. Dit is dwaas om so te praat. Ons weet mos nie wat God besluit het nie. Ons moet na die geopenbaarde wil van God lewe. En wat is die geopenbaarde wil van God? In die verbond roep God se liefde mos ons wederliefde op.

Laat ons ons roeping en verkiesing vas maak deur verbondsgehoorsaamheid. Laat ons die vrugte van die verkiesing wys. En alle onverskilligheid afsweer. So word ons lewenspad stuk vir stuk getuienisse van God se verkiesende liefde. Volgende keer sal ons besef dit wat ons vandag as ryke troos vir ons saligheid kon hoor, hierdie sekerheid wat ons ontvang het, ons moet in die verkondiging van die uitverkiesing baie nederig en versigtig bly. Wie hom/haar hierin gaan slim hou en dit nie met eerbied en soberheid verkondig nie, is besig om ontsaglike groot skade in die kerk van die Here aan te rig. Mag ons dan tot die nodige versigtigheid gebring word terwyl ons die gevolge van ons sekerheid kon hoor. Laat ons ons *des te meer beywer om hierdeur ons roeping en verkiesing vas te maak.*

AMEN

Pretoria- 21 Augustus 2011

